



Sawa-struktuur weer onder die loep

“Gebied Jakaranda se voorlegging aan die NUB het die voorgestelde nuwe struktuur vir Sawa weer op die tafel geplaas.”

So het Jurie Dreyer, nasionale voorsitter, aan Kampkrummels gesê. Hy het vervolgd dat daar nou koppe bymekaar gesit sal word om moontlike aanpassings te maak.

“Die NUB sal dit by sy vergadering in Augustus bespreek met die oog daarop om die pad vorentoe aan te dui.”

By die gebied Jakaranda se vergadering van 10 Mei 2012 is daar kommer uitgespreek omdat by agtereenvolgende vergaderings nie ’n kworum teenwoordig was nie. Dit is opmerklik dat daar tot sowat ’n jaar gelede nie ’n probleem was om ’n kworum te kry nie. Een van die redes kan wees dat daar verlede jaar hierdie tyd sterk propaganda

gemaak is vir grondwetlike veranderings wat sou meebring dat vergaderings en papierwerk sou verminder. Daar sou nie meer gebiedbestuursvergaderings wees nie en gebiedstrukture sal nie meer nodig gewees het nie. Die streke in gebied Jakaranda het in ’n groot mate ingekoop op hierdie gedagtes en vir hulle het die besluit by die Kongres as ’n antiklimaks gekom. Daar is ’n persepsie dat daar voortgegaan sou word om die genoemde veranderings aan te bring en dit kan ’n rede wees hoekom sommige streke “die pas markeer”.

Om hierdie probleem te oorkom het die gebiedsbestuur voorgestel dat die NUB sterk leiding gee oor wat die beplanning met die Sawa-struktuur vorentoe is. As dit finaal van die baan is, moet



Jurie Dreyer

streke besef die huidige struktuur is hier om te bly. As beplan word om met die struktuurverandering voort te gaan, behoort ’n tydraamwerk daaraan gekoppel te word en die same-werking van al die streke moet dan deur ’n raadplegingsproses verkry word om so-doende wyer inkoop vir die verandering te kry. Dis egter belangrik om die huidige strukture intussen in stand te hou om die effektiwiteit van die groter organisasie te verseker, aldus die voorlegging.

Lees binne . . .

Oordenking	2
Sawa in breër verband	2
Redakteur in die breë	3
Kampnuus	4
Saamtredatums	4
Voorsitter sê	5
Sawa-kleuters	6
Ridders van die wapad	7
Schalk gesels	8
Senior burgers	9
Jongklomp (tieners)	9
Kermis by Presidente	10
Verjaarsdae, lief, leed	11
Serendipity 4x4-kamp	11
Fotoblad	12

240+ Woonwaens by Presidente



Lugfoto van Presidente-saamtrek wat oor die Paasaweek gehou is - Foto: Jay-Jay Jordaan



OORDENKING

Vir Vadersdag: Soos 'n pa . . .

Net so weet julle ook hoe ons elkeen van julle behandel het: soos 'n pa sy kinders het ons julle elkeen bemoedig en aangespoor en dit op die hart gedruk om tot eer van God te lewe, Hy wat julle roep om in sy koninkryk in te gaan en so aan sy heerlikheid deel te hê (1 Tessalonisense 2:11 en 12)

Daar word soms gesê dat mans net goed is vir een ding: om die troufoto vol te maak, want eintlik gaan dit net om die bruid. In baie gesinne is mans en pa's ook maar net daar om 'n prentjie te vul, terwyl die vrouens grootliks die opvoedingswerk en die geestelike versorging van die kinders moet waarneem.

Dit is 'n baie ongesonde situasie. Een ouer hoef nie die volle las te dra, terwyl die ander een – om watter rede ookal - onbetrokke is nie.

Paulus druk die gemeente dit op die hart dat hy soos 'n pa opgetree het vir die gelowiges. En dan noem hy 'n paar dinge wat eie is aan só 'n rol:

- *ons het julle elkeen bemoedig*: pa's behoort nie witbroodjies te hê nie. Elke kind met sy of haar uniekheid moet waardeer word. En daarom die woord **elkeen**.

- *en aangespoor*: die lewe is vol slaggate en struikelblokke wat jou moed kan breek. Mens het iemand nodig om net weer perspektief te kry, om aangepor te word. Om te wys dat vasbyt op die ou einde tog die moeite werd is.

- *dit op die hart gedruk om tot eer van God te lewe*: om maar net te oorleef en nie deur die lewe onder gesit te word nie, is nie die hoogste doel nie. Om tot eer van God te lewe, dit maak die lewe sinvol.

Soos in 'n gesin, is dit nodig dat ons die rol van 'n geestelike vader sal vervul teenoor medegelowiges: om aan te spoor dat mense hulle nis in die lewe sal ontdek; om te bemoedig, sodat elkeen die pas kan volhou; om te beklemtoon dat ons hoogste strewe moet wees om die Here te verheerlik.

Gebed: *Here, gee my die volwassenheid in my geloof, dat ek vir ander meer kan beteken in hulle groei tot volwassenheid.*

Dirk Taljaard (Vers-'n-dag)

Breër verband

Sawa streef daarna om

- *vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.*

- *vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.*

- *die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.*

- *die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.*

Onderklere-projek

Kiepersolde begin **asseblief somer nou** onderklere aankoop vir ons nuwe projek. Mans en vroue onderklere, enige groottes, en ook sokkies. Bring dit saam na die AJV in Augustus. Kom ons maak dit 'n groot poging om Filadelfia te help. Goeie tweedehandse ware is ook aanvaarbaar.

Frank en Hettie (082 882 5299)



Streekbestuur 2011-2012

Voorsitter: Hennie Ferreira (083 226 3176) hennief@agency.co.za

Ondervoorsitter: Vakant

Sekretaris: Ina van den Berg (079 393 3977) jannie.ina@gmail.com

Penningmeester: Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

Redakteur: Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za

Senior burgers: Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

Addisionele lede: Schalk Nolte (012 345 1605), Ronelle King (012 664 6611)

André Baker (012 654 6127)

Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499

Oor Sawa in die breë skryf die Redakteur:

Presidente-saamtrek by Klipdraai voldoen aan verwagtinge

Die nasionale voorsitter, Jurie Dreyer, het sy tevredenheid uitgespreek met die suksesvolle Presidente-saamtrek wat oor die Paasnaweek by Klipdraai (Meyerton) gehou is. Dit was die 29ste agtereenvolgende jaar dat die besondere byeenkoms oor die Paasnaweek plaasvind.

Hy het gesê dat dit altyd 'n uitdaging is om so 'n groot saamtrek by 'n nuwe oord aan te bied. Die oordpersoneel het egter goed saamgewerk om dit 'n besondere ervaring te maak. Mense wat die saamtrek bygewoon het kon nie uitgepraat raak oor die netjiese en goeie, kwaliteit toerusting wat in die ablusieblokke gebruik is nie. Die blomme-rangskikkings op die wasbakke het getuig van die fyn afgerondheid van die oord.



Die standbeelde van 'n man (Dawid) en 'n vrou ('n Griekse godin) om die geslag van die badkamer aan te dui is oorspronklik en sag op die

oog. Daar is aanvanklik kragonderbrekings ondervind, maar die oordeienaar het werk daarvan gemaak deur onder andere 'n addisionele kragkabel teen groot koste te installeer.

“Die oord is baie sentraal en maklik bereikbaar met goeie paaie. Die bywoning was beter as in die onlangse verlede en die prys billik vir die gehalte en geriewe wat beskikbaar is. In die lig hiervan is ek bly om te kan aankondig dat, na onderhandeling met die oord, besluit is om volgende jaar se Presidente weer daar aan te bied. Die verdere goeie nuus is dat dit teen dieselfde prys gedoen sal kan word,” het Jurie gesê. Hy het opgemerk dat die bywoning van die eredienste en boekevatgeleenthede sowel as die kermis en vermaak Saterdagagaand ook goed bygewoon is. Die kaskarwedrenne is vanjaar geborg en het, soos gewoonlik, tot groot pret gelei.

Die Presidente-saamtrek is Vrydagoggend amptelik geopen deur Nico Spaumer, SAWA-President. Hy het die feit dat SAWA na 43 jaar nog van krag tot krag gaan onder andere daaraan toegeskryf dat die organisaie nooit sy Hemelse Vader by die huis gelos het wanneer in die natuur ontspan word nie. Hy het lede uitgenooi na nasionale byeenkomste soos die winter-saamtrek in Junie, kongres wat vanjaar op Hartenbos gehou word en saamtrek in Oktober by Malonjeni.



Johann Lemmer

Daar sal vooraf senior burgersaamtrekke plaasvind. Ds. Thomas Dreyer het die eredienste en behartig. Hy het behoorlik laat reg geskied aan die Paasgebeure wat die naweek herdenk is. Die mense het aan sy lippe gehang toe hy Donderdagaand begin het met die reeks. Die dankofferbydrae van meer as R6400 word vir Bybelverspreiding beskikbaar gestel.



Jurie Ferreira en Hennie Ferreira geniet die kermis

Saterdagagaand is lekker saamgebraai en gekuier terwyl gaskunstenaars optree het. Veral Dusty Dixon het hom goed van sy taak gekwyt en die groot gehoor het enduit na sy uitstekende vermaaklikheidsprogram geluister en vir nog gevra.

Die kermis Saterdag was soos gewoonlik 'n miernes van bedrywighede en daar is lekker gekuier. Die stalletjie-verkope, wynveiling, lootjies, kaskarinskrywings en donasies het bykans R58 000 opgelewer.

Belangrike kennisgewings

Nominasies word ingewag vir die streekbestuur wat op 18 Augustus by die AJV verkies moet word. Dit is vir die volgende poste: Voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, penningmeester, redakteur, senior burgerverteenwoordiger, twee addisionele lede.

Nominasies moet op die voorgeskrewe vorm wees (ingesluit en by Kiepersol op www.sawa.org.za).

Dit moet die sekretaris nie later nie as 19:00 op 25 Julie 2012 bereik.

Elke lid (man sowel as vrou) kan stem, kan agt nominasies maak en het agt stemme by die AJV.

Algemene Jaarvergadering

Kennis word hiermee gegee van die 29ste Algemene Jaarvergadering van streek Kiepersol van die SA Woonwa-Assosiasie wat gehou sal word op **Saterdag 18 Augustus 2012** om 09:00 by Klein Paradys (Brits).

Ina van den Berg
Sekretaris

Lekker Kampnuus



Snoek en Patats by Marula

Jannie van den Berg skryf:

Die naweek van 16 Maart breek aan. Ons vertrek uit Pretoria na Marula in gietende reën. Dit reën hard al die pad tot in Warmbad. Die eerste gedagtes wat by jou opkom is watter katastrofiese nat naweek lê nou hier vir ons voor. Helaas, die kampkommandante trek by Marula in net om te sien dat 'n groot groep senior burgers hulle al weer voorgespring het. Die kamp opslaan vind in so 'n ligte reëntjie plaas en die res van die werkersklas arriveer ook so in die loop van die laatmiddag en vroeëand. By boekevat word Charlie King gelukkigwens met sy verjaarsdag en die gaste welkom geheet. Daarna 'n stukkie kuier, ietsie eet, en inkuip.

Saterdagoggend word ons wakker met die mooiste sonskyndag na Vrydag se reën. Gelukkig het die weer so gebly vir die res van die naweek. Die Kiepersollers het gedurende die oggend oor en weer gekuier, party het 'n bietjie rugby gekyk en die bestuur het tot 'n bestuursvergadering ingepas. Daar is met afgagting uitgesien na die groot aand van snoek en patats wat Charlie en sy span vir ons almal gaan voorberei. En hoe lekker was dit nie! Almal se verwagting is oortref. Daar was 'n "produksielyn" en dit was net patats, snoek en roosterkoek. Schalk Nolte se agtergrondmusiek het ook tot die atmosfeer bygedra. Daar is ook wors gebraai vir die mense wat nie van vis hou nie, maar ek dink nie die wors het baie aftrek gekry nie. Een honderd persent vir Charlie en sy hele span, die dames wat slaai gemaak het asook Bets Joubert met haar nou al bekende vrugteslaai om 'n lekker ete mee af te sluit. Ons het almal dik pelle gaan slaap. Daar was 'n huweliksonthaal in die saal en die harde musiek het sommige tot redelik laat uit die slaap gehou.

Na Sondagoggend se erediens het die meeste van die Kiepersollers die restaurant besoek vir hulle alombekende buffetete. Dit het 'n baie lekker naweek afgesluit en die werkersklas moes maar so stadig oppak en terug skuif huis se kant toe. Die seniors het oudergewoonte van die oord se aanbod gebruik gemaak wat die opsie gee om die Sondagmiddag verniet oor te staan as jy die Sondagmiddagete in hul restaurant genuttig het.

Marula is nie vyfster nie, maar 'n baie aangename oord met 'n bestuur wat regtig probeer om dit vir hulle besoekers aangenaam te maak. Ons glo al ons besoekers het die naweek net soos ons geniet.

SAWA-groete

**Kampkommandante: Jannie en Ina van den Berg;
André en Magriet Baker**

Saamtrekdatums

Saamtrekke vir 2012

Volgende saamtrek:

25 Mei: Buffelspoort (Sitrusfees)

Kyk program op bladsy 5
Sluit 2 kaartjies vir Sitrusfees in
Twee woonwaens per staanplek
Oord reeds vol bespreek

15 Junie: Nasionale Winterkamp

Klein Kariba: R362 vir naweek
Seniorsaamtrek vooraf R220 (2 nagte)
Bespreek by Sawa-kantoor (011 918 0699)
Bespreekingsvorm in Kampkrummels
Laat weet bestuur asseblief

27 Julie: Manyane

Kuiersaamtrek saam met Bosveld

18 Augustus: Klein Paradys (Brits)

Belangrike jaarlikse saamtrek waartydens
Kiepersol se Algemene Jaarvergadering
gehou word (kyk kennisgewing op bl. 3)

7 September: Smuts-huis (Irene)

Op ons voordeur. Geniet die naweek son-
der om oor duur brandstofpryse bekom-
merd te wees nie

8 September: Nasionale Kongrestoer

Kom by Aldam bymekaar

12 Oktober: Nasionale Saamtrek

Malonjeni. Naweektarief R302
Bespreek by Sawa-kantoor (011 918 0699)

26 Oktober: Kaia Manzi

Kampgeld vir die naweek R370

16 November: Joos Becker (Kersboom)

Kampgeld vir die naweek R260
Bring kinders en kleinkinders saam

Die Voorsitter sê Nominasies en voorstelle vir kampplekke gevra

Hennie Ferreira

Met hierdie jaar se Presidente iets van die verlede, en die eerste tekens van winter wat reeds in die lug is, sien ons uit na al die winterkampe en die gesellige kuiertjies om die "pikkewyne". Baie dankie vir elkeen wat die Presidente te Klipdraai bygewoon het. Almal wat al by die oord was sal met my saamstem dat ons gerus 'n streekkamp daar kan gaan hou. Terloops ons span het toe derde in die kaskarwedren gekom. Baie geluk aan elkeen wat deelgeneem en ondersteun het.

Kampe

Die volgende kamp is die Sitrusfees te Buffelspoort van 25 tot 27 Mei 2012. Die gasheerstreek kon net tien staanplekke beskikbaar stel wat deur en ons moet gevolglik twee-twee op 'n plek staan. Daar is twee toegangskaartjies per woonwa by die kamp-tarief ingesluit. As jy nie op die lys is en deur my geskakel is nie sal dit nie help om Buffelspoort toe te gaan nie, want hulle sal jou ongelukkig moet wegwys.

Die Junie-kamp is te Klein Kariba en staan bekend as die Nasionale Winterkamp. Dit is vanaf 15 tot 17 Junie 2012. Die besprekingsvorm is by hierdie Kampkrummels ingesluit en moet asseblief aan die Sawa-kantoor gestuur word voor 4 Junie, soos op die vorm aangedui.

In Julie kamp ons by Manyane, in Augustus by Klein Kariba en in September by Smuts-huis in Irene.

Ek ontvang nou meer gereeld name van lede wat as kampkommandante by saamtrekke wil optree. Laat weet my asseblief wanneer jy beskikbaar is.

Lede word dringend versoek om met voorstelle te kom oor waar ons kampe moet reël vir volgende jaar. Laat my asseblief voor 13 Junie weet. Die konsepjaarprogram moet reeds in Julie by die gebiedsbestuur wees. Dit sal vooraf aan lede beskik-

baar gestel word met die oog op finalisering by die AJV.

Nuwe lede

Ek wil ook van die geleentheid gebruik maak om Bennie en Helena Oosthuizen wat by Marula aangesluit het asook Charl en Lucille Oosthuizen wat na die Presidente lid geword het, hartlik by die Kiepersolfamilie welkom heet, en vertrou dat ons lekker saam sal kamp. Baie dankie aan Charlie en Ronelle King wat nou reeds vier nuwe lede gewerf het, en mag dit ons almal aanspoor om nuwe lede (familie) te betrek.

Veldwa-saamtrek

Dieselfde naweek as wat die Marula-kamp plaasgevind het, het Willem Nordejé en Willie Bronkhorst die leiding geneem om die eerste 4x4-saamtrek te Serendipity te hou. Daar het ses voertuie aan die roete deelgeneem en ons as bestuur is tevrede met die uitkoms. Daar sal beslis later die jaar weer 'n veldwa-saamtrek aangebied word en Willem en Willie sal mettertyd meer inligting in die verband bekendmaak. Ondersteun asseblief die streek in die poging. Ek bedank graag vir Willem en Willie vir hulle inisiatief om die projek van die grond af te kry.

Nominasies en AJV

Dis alweer tyd om nominasies vir die streekbestuur te maak. Die nominasievorm word by hierdie Kampkrummels ingesluit. Nominasies moet die voorsitter nie later nie as 19:00 op 25 Julie bereik. Tree asseblief so gou as moontlik met my in verbinding as jy op die streekbestuur wil dien. Die AJV vind in Augustus plaas en ek verneem graag voor die einde van Mei of daar voorstelle vir die Saterdagandfunksie is.



Gholfhemp

Ons sal tydens die volgende streekbestuursvergadering die wiel aan die rol kry om ons Kiepersol gholfhemp te finaliseer. Ons gee terugvoer na die vergadering en verneem graag van elkeen wat graag 'n inset wil lewer.

Afsluiting

Ek sluit graag af met die volgende:

God se boek is jou daaglikse kos

Hierdie wetboek moet die rigshoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees (Josua 1:18 en opskrif deur Stephan Joubert)

Hennie

Trots om 'n lid van
SAWA Kiepersol te wees

Program: Sitrusfees

Vrydag 25 Mei

19:00 Elzabè Zietsman in
kabaret (dinee) R150
(Sandra 014 572 3533)

19:30 Boekevat in kamp

Saterdag 26 Mei

06:00 Ontbyt
08:00 Stalletjies
08:15 Wiaan Fourie
09:30 Phillip van Achterberg
10:30 Mej Sitrusbloeisel
11:15 Mej Nartjie
12:00 MoniQue
13:00 Mej Sitrus
15:00 Bobby van Jaarsveld
17:30 Boekevat in kamp

Sondag 27 Mei

10:00 Christusfees in Buffelsaal

Tandartse by Elwierda Apteek

Dr René Pretorius

Dr Tania Erikson

Telefoon: 012 653 6154

Storiwerf vir kleuters

Sawa Kalantjies

Lekker lees!



Die nare slak en die sewe wolwe

(Vervolg vanaf vorige keer)

Die wolfies is dalk slim, maar die nare slak het 'n briljante plan. Hy gaan dorp toe en dreig die poppe-maker om vir hom twee pote te maak. Dan maak hy 'n sak vol grond bymekaar en keer terug na die wolfies se huis toe. Soos hy seil, strooi hy die grond oor die spoor slym. Hy haal die twee pote uit en sit een op die venster sodat die wolfies dit mooi kan sien. Weereens klop hy by die deur.

"Dit is ek, julle ma. Ek dra swaar, maak asseblief vir my oop?" sê die nare slak in 'n harde growwe stem. Die wolfies kyk by die venster uit. Daar is geen slymspoor nie. Hulle sien die poot op die venster. Seker dat dit hulle ma is, maak hulle die deur oop. Die nare slak seil blitsig in en gooi vinnig sy slym op al die wolfies. Toe al die wolfies verlam is, bêre hy hulle in sy dop. Buite gaan lê hy onder 'n groot boom om 'n middagslapie te vat.

'n Rukkie later kom ma wolf by die huis. Toe sy sien dat al sewe wolfies weg is en die plek met slym bedek is, hardloop sy buitoe ontsteld. Sy kry die slak onder die boom. Sy kry 'n briljante idee en gaan haal 'n skerp byl in die huis. Sy kap die slak sy dop oop terwyl hy slaap en al sewe wolfies spring uit. Hulle help haar om 'n paar swaar klippe op te tel en dit in die slak se dop te pak voordat ma wolf dit toeplak met 'n super-gom.

Toe die nare slak wakker word, voel dit asof daar 'n olifant op sy rug sit. Hy kruip na die spruit toe om bietjie water te drink, maar soos hy oorleun val hy in die water en verdrink.

- Elaine Schiel



- Tekening deur Nicolaas Wheeler

Pretoria-Noord Toyota

Die enigste onafhanklike Toyota-handelaar in Pretoria



- Nuwe Toyota passasiersvoertuie
- Nuwe Toyota kommersiële voertuie
- 250 Automark gebruikte voertuie
- Egte Toyota onderdele
- Werkswinkel

Pretoria-Noord Toyota bestaan sedert 1983 en ons leef ons motto - "Ons diens en groei" - ten volle uit.

**ALTYD BESKIKBAAR - 250 AUTOMARK-
GEBRUIKTE VOERTUIE**

Pretoria-Noord Toyota
Gerrit Maritzstraat 597
PRETORIA-NOORD
Tel 012-546-0545



NEEM LEIDING TOYOTA

BRITS WOONWAENS



Brits Woonwaens BK

Brits Woonwaens is ongeveer 50km vanaf Pretoria en sowat 100km vanaf die Wes-Rand. Dit is ook die naaste handelaar aan die Jurgens CI Fabriek te Ga Rankuwa. Ons bied die Jurgens, Gypsey, Sprite en Safari reeks aan, asook Jurgens Sleepwaens. Ons produkreëks word met 'n Campworld-winkel aangevul. Produkte soos: Howling Moon, Coleman, Engel, National Luna en talle meer kan hier teen kompeterende pryse gevind word.



Van Deventerstraat 39, Brits
T. 012 252 5169 F. 012 252 7722
britswoonwaens@lantic.net www.britscaravans.co.za

Melvyn en Hester Wessels is . . .

Ridders van die wapad

Gedurende die latere gedeelte van 2010 het ons toer ons weer kruis en dwars deur die land geneem. In Augustus is ons in Die Eiland vir ongeveer drie weke. Al die “ou mense” moet mos of by Tshipise of by Die Eiland *oorwinter*. Ons gaan kyk toe hoe dit dáár lyk. Interessant – net te veel “ou mense”. (Ons is natuurlik self twee? ha, ha) Reg langs die oord is die bekende Hans Merensky Natuurreservaat. Die eenrigting sirkelroete deur die reservaat klink toe na ’n gawe plan vir ons twee avontuurlustige pensioentekkers om dit per fiets aan te pak. Die hektoegangsfooi van R20 elk kon ons bekostig. Ons begin die fietstog vroeg die Saterdagoggend en “gewapend” met ’n koue bier elk in die rugsak is ons op pad. Teen elfuur is ons twee biere opgedrink en steeds is daar nie ’n einde aan die sirkelroete nie. Ek vra toe my geliefde metgesel of sy weet hoe lank die sirkelroete is. “Nee, sê sy, ek dog jy weet!” Ek weet toe ook nie – gelukkig het ons ’n selfoon en bel toe die kantoor. O, antwoord hulle, die roete is ongeveer 35 kilometer lank. Baie laat die middag kom ons toe by ons kampterrein aan. Gedaan. Dis malligheid! Kort hierna het ons die fietse verkoop.

Van Die Eiland is ons Kruger Wildtuin toe, by Pafurihek in. Op aanbeveling van Christo van der Merwe gaan ons tuis in die Tzendze ruskamp. Nog ’n wildkamp sonder elektrisiteit, maar baie lekker. Twee van die nagte wat ons daar deurgebring het, het die olifante deur die heinings gebreek en amok gemaak. Van hier is ons deur Mpumalanga en besoek weer al die “ou” plekke - Swadini, Blydedam, Bourke’s Luck, Kolkgate, die Pinnacle, Mac Mac-valle, God’s Window ens. Terug in Pretoria vir ’n kort rukkie.

Vroeg in November 2010 neem ons die *lang roete* na Kaapstad via Vryburg (oornag in Kathu), Upington – staan ’n paar dae by die Augrabies

Waterval, oor Pofadder, staan ’n paar dae in Springbok, met die N7 (Weskuspad) oor Garies, Bitterfontein en Vanrhynsdorp en staan ’n paar dae in Strandfontein. Hier begin ons probleme: Dit is nou naby Kersfees en al hierdie populêre strandoorde is vol bespreek. Ons soek plek om te staan, maar kry niks. Ten einde raad wyk ons uit na Piketberg. Piketberg karavaanpark het slegs een boom (kleinerig), baie min kragpunte en nog minder waterpunte. Maar – wat sê die spreekwoord: “beggars can’t be choosers”. Ons staan ’n volle maand hier met die kwik meer male as nie, op 40° plus.

Na die skoolvakansie kon ons ons reis voortsit en gaan kuier ’n paar dae by vriende op Robertson, staan ook op Barrydale. Vroeg in Februarie 2011 staan ons vir ses weke op Hermanus waar ons ook ’n motortjie koop wat ons voortaan agter die mobielewa kon saamsleep. Hiervandaan gaan ons na Langebaan waar ons vir twee maande oorbly (onthou, dit word goedkoper hoe langer jy staan). Ons sit ons reise voort en vertrek na die Oos- Kaap.

Ons kuier so rus-rus by die Bontebok Nasionale Park naby Swellendam; Hartenbos (vir ’n maand); George (waar ’n storm-fratswind die mobielewa se *awn* afruk); ’n lang ruk by die skilderagtige Victoriabaai karavaanpark, waar elke staanplek sy eie ablusiegerief het. Hier het ons gewag vir die vervangende *awn* wat glo vanaf Italië moes kom; Toe Knysna en Plettenbergbaai. Familieverpligtinge noop ons om ons reis langs die Ooskus weer-eens te onderbreek en terug te keer na Bellville in die Kaap, waar ons ons seun (Wessel) se skoonouers moes kom ontmoet. Hulle is op 20 Maart in Langebaan getroud.

Melvyn en Hester Wessels het ’n paar jaar gelede hulle huis verhuur en die pad gevat met hulle woonmobiel. Hulle is steeds oppad en deel hier die afgelope twee jaar se wedervaring met ons

In September en Oktober is ons in die Strand waar ek ’n knieervanging ondergaan. In November staan ons in die Paarl Bergrivieroord saam met al die afgestudeerde matrikulante wat daar kom jollie katrollie het. Ons sluit die jaar af in die Avantara Van Zylsrus karavaanpark in Kuilsrivier. Hierdie staanplek was vir ons ’n ware oase gedurende Kersfees en ons bly daar tot nadat die skole heropen het. Daarna staan ons in Dwarswegstrand naby Groot Brakrivier (nie ver van Hartenbos en Mosselbaai nie) ’n pragtige strandoord en ons kyk uit op die see.

Waar gaan ons nou heen? Ons beplan om gedurende die vroeë winter die Kgalagadi Oorgrenspark te besoek.

’n Plek wat ons 35 jaar laas besoek het en ons baie graag weer sal wil besoek is Port St. Johns en Koffiebaai in die Transkei. Mede kampeerders raai ons egter af om hierdie plekke op ons eie te besoek. Hoe lyk dit: Wil SAWA nie ’n toer na die Transkei onderneem nie?

Melvyn en Hester Wessels

Riglyne vir senior burgerverteenwoordigers opgestel

Die Sawa-President, Nico Spaumer, het riglyne vir senior burgerverteenwoordigers op streek, gebied- en nasionale vlak opgestel. Dis gedoen nadat ’n versoek uit die gebied Jankaranda ontvang is. Nico het die-nende senior verteenwoordigers vir voorstelle gevra en heelwat streke en individue het ook insette gelewer. Dit word nou vir kommentaar na streke en gebiede verwys.

Schalk gesels met twee mense wat albei met hulle tweede lewe besig is

So gaan die jare verby, en na 1.58064516129 maande op pensioen, oorleef ons darem nog, ook maar net-net! Ons het een aand 'n draaitjie gemaak by 'n paar Kiepersollers wat vër paaie geloop het om uiteindelik ware geluk te vind, en ek gaan probeer om hulle storie te vertel aan diegene wat dit nog nie ken nie.

D.... Patricia O'Connor het nog twee jonger boeties van ses en twee jaar jonger as sy, en is in Oos-Londen gebore. Die twee boeties bly tans onderskeidelik in Oos-Londen en Garsfontein. In Oos-Londen het sy in 'n klooster skoolgegaan tot standerd 5 en was in standerds 4 en 5 in 'n koshuis omdat al haar vriende ook in die koshuis was. Elke naweek kon sy egter huistoe gaan. In die klooster het sy gewoon geraak aan baie streng dissipline. Die kloosterskool was natuurlik net vir meisies en daar was so 25 tot 30 kinders in 'n klas. Vanaf standerd 6 is sy na 'n gewone skool en het vakansies in 'n apteek gewerk vir 'n bietjie sakgeld. In Desember van haar matriekjaar het sy haar pa verloor en het daarna nog drie maande in die apteek gewerk terwyl sy ook na haar boeties moes omsien omdat haar ma hulle nie alleen kon hanteer nie.

Daarna is sy Rennie's Airflight toe, en is in 1976 getroud, hoofsaaklik omdat sy hulp gesoek het om na haar boeties te kyk. In 1977 het haar man werk aanvaar by Yskor op Newcastle, en sy het haar jongste boetie saamgeneem. Haar eerste seun is hier gebore, en in 1978 is hulle na Yskor op Vanderbijlpark, waar haar tweede seun gebore is. In Desember 1980 is hulle Pretoria toe, en sy het by Chamberlains Waterkloof Glen begin werk. In 1982 is sy Chamberlains Riviera toe en werk sedertdien nog daar. Dinge het nie so lekker uitgewerk met haar huwelikslewe nie, en in 1985 is sy toe geskei. Dit was haar eerste lewe.

Kom ons kyk nou na sy eerste lewe.

Sy ouers het geboer tussen Senekal en Steynsrus, en hy is in sy tannie se huis gebore terwyl hulle by haar op Senekal gekuier het. Sy ouers het later Pretoria toe getrek en sy pa het huise gebou en verkoop. Hier is hy na die Lytteltonskool toe, wat op daardie stadium nog net uit twee koeistalle met misvloere bestaan het. Hulle was toe 32 skoolkinders van graad een tot matriek. Op hulle erf het sy pa hulle eie koeie, hoenders en makoue aangehou en pouses by die skool het hulle donkies gery op die oop velde langs die skool. Tydens een van die donkiery-episodes is een van sy maats deur die donkie afgegooi, en in die proses het hy sy been baie lelik gebreek. Hulle was te bang om vir die onderwyser daarvan te vertel, en het hom net so daar in die veld gelos. In hierdie "groot" skool het die onderwyser hom egter dadelik gemis, en toe hy vra wat van hom geword het, moes hulle maar met die hele sak patats uitkom.


Na skool het hy 'n ambag geleer by die Pretoriase Tegnieuse Kollege en daar sy NTS 1, 2 en 3 gemaak. Hy het met huise en motors begin spekuleer tot sy troue in 1961 en nog daarna. Uit die huwelik is twee dogters en 'n seun gebore, en in 1982 is hy geskei. Hy het egter intussen 'n hardeware plek begin, en toe begin die ding wat sy lewe heelwat later dramaties sou verander: Chamberlains Riviera het hom 'n betrekking aangebied, en hy is soontoe. Hy het haar natuurlik daar raakgeloop, maar na sy skeisaak het hulle mekaar nege jaar lank geken voordat hulle in 1997 getroud is. Toe begin albei se tweede lewe. Sy troetelnaam vir haar was toe "veldblommetjie", maar deesdae noem hy haar sy "vetplantjie". Uit hulle vorige huwelike het hulle vyf kinders en agt kleinkinders.

Sedert hulle met mekaar getroud is, het Dianne en Mike du Preez se

lewens dramaties verander. Hulle vertel met 'n glimlag van die keer dat hulle met vakansie was aan die Suidkus toe hulle vriende aan die Noordkus hulle oornooi om te kom kuier. Sy vriend bied hom 'n biertjie aan, maar omdat hy self nie sy mond aan drank sit nie, moes sy vriend hom toe oorreed om 'n sluk te vat. Na 'n lekker geselsie buite in die vars seelug kom hy toe later agter hy is so dronk dat hy niks kan sien nie, en nie weet of dit Dinsdag of Dingaansdag is nie! So struikel-struikel is hulle later terug huistoe. Toe hy tuis sy bril afhaal, kom hy agter die dronkenskap is verby, want hy kon weer sien! Al probleem was dat sy bril so aangepak was van die sout seelug dat hy niks daardeur kon sien nie!

In Augustus 2009 het hulle die eerste keer saam met Kiepersol gekamp op uitnodiging van "Spoedniek" oftewel Pat Whelan. Tot op hede het hulle 13 kampe bygewoon, maar verlede jaar kon hulle net eenkeer kamp as gevolg van Mike se kankerprobleme en ook 'n hospitaalvirus wat hom vir altesaam 56 dae plat op sy rug gehad het. Hulle is baie trots op hulle een kleindogter, Annika Dique, wat op 16-jarige ouderdom haar helikopter vlieglicensie verwerf het, en op 19 haar volwaardige publieke vlieglicensie gekry het!

Hulle geniet en waardeer hierdie "nuwe lewe" terdeë, en verkies dit om bymekaar te wees. Hulle verstaan mekaar, en sy kan aanvoel wanneer hy iets gaan vra. Hulle persoonlikhede vul mekaar aan en hulle weet hoe om gemaklik na mekaar te luister en met mekaar te kommunikeer. Soos Rachel Naomi Remen sê: "The most basic and powerful way to connect to another person is to listen. Just listen. Perhaps the most important thing we ever give each other is our attention.... A loving silence often has far more power to heal and to connect than the most well-intentioned words".



Seniors

Om 'n pensioentrekker te wees is . . .

Die beste tyd van ons lewe

Om 'n senior burger en pensioentrekker te wees is die beste tyd in jou lewe. In ons s'n beslis! Jy gaan slaap selfs na middernag en staan op wanneer jy wil – heelwat later nog in die oggende wanneer dit koud is buite. Jy omkring nie meer naweke en vakansiedae op die kalender nie, jy vergeet selfs dat dit 'n langnaweek is wanneer jy besluit om Drakensberge toe te ry sonder enige bespreking. Eers wanneer jy sukkel om verblyf te kry besef jy dis 'n langnaweek.

Dis ook nie asof jy sukkel dat die dag moet omgaan nie, want 'n vriendin skakel en nooi ons vir koffie. Nou moet net besluit word by watter teetuin of koffiewinkel. Weg is die helfte van die dag!

Hierdie pas afgelope week was ons baie bedrywig. Op Dinsdag 9 Mei ry ons en vier vriende saam na die Boeddhistiese Tempel by Bronkhorstspuit. 'n Baie indrukwekkende gebou op die 18,150 hektaar grond wat in 1992 geskenk is om die Nan Hua Tempel daar op te rig. Ons bestel iets te drinke en eet "bow ties" by "The Dew Drop Inn Tea House" op die terrein. Daarna sluit ons die oggend af by die Wimpy in Centurion.

Woensdagoggend woon ons 'n verskeidenheidskonsert by wat aangebied is deur die matriekleerlinge van Hoërskool Eldoraing vir die senior burgers van die omgewing. 'n Heerlike ontspanne musiekoggend wat afgesluit word met kerrie en rys en koffie, tee en koeksisters.

Donderdag kry ons twee oproepe van mense wat klerre, beddegoed en gordyne vir Helpende Hand het. So gaan nog 'n dag verby want ons kom net betyds vir 7de laan by die huis. **Moenie vergeet om mans en vroue onderklere vir Filadelfia Ark saam te bring na die AJV (18 Augustus) nie!**


Vrydagoggend ry ons vir die dag Parys (OVS) toe vir 'n familie byeenkoms. So bly om afgetree te wees want met die terugkom die middag land ons in die spitsverkeer deur Johannesburg. Dankie tog ons hoef dit nie elke dag te doen nie.

Saterdagoggend vroeg is ons by die Swartkops Lugmagbasis vir die lugskou. Heerlike herfsweer, derduisende mense wat op en af loop, rye kosstalletjies en hope interessante dinge om te sien. Die lugskou was die jaar baie spesiaal met al die verskillende vliegtuie. Jy moes maar jou ore toedruk as die *Mirage* en van die ander met 'n gedreun verby vlieg.

Al hierdie dinge doen jy in jou eie tyd, jy hoef nie te vra of jy mag gaan nie, en jy hoef nie tyd in te werk om tyd af te kry nie. Ons hoop Moedersdag was vir almal 'n baie geseënde dag saam met hulle geliefdes.

Frank en Hettie Smith

jongklomp



'n Tiener vra wat is die oorsaak van:

Spanning tussen ouers en tieners

Spanning tussen ouers en tieners is amper 'n gegee, maar, dit beteken nie dat die spanning iets is wat maar sy loop moet neem en as iets beskou moet word waaraan niemand iets kan doen nie. Wanneer ons toelaat dat dit gebeur word die verhoudings tussen ouers en tieners dikwels baie skade berokken, en soms onherstelbare skade.

Kom ons kyk na 'n paar oorsake.

Ouers en tieners begin anders dink oor dinge

Tieners berei voor om die volwasse lewe te betree en ouers berei voor om die tiener die volwasse lewe te laat betree. Dit is 'n nuwe fase vir beide die rolspelers waar al twee daaraan gewoon moet raak dat hulle anders dink oor sake en 'n ander rol in mekaar se lewens moet begin speel.

Ouers en tieners hanteer konflik anders

Nie ouers of tieners hanteer konflik op 'n manier wat die ander party tevrede sal stel nie. Dit is veral tieners wat die vermoë om konflik te hanteer

moet aanleer, nie net ter wille van die verhouding met hulle ouers nie, maar ook met die oog op verhoudings vir die res van hulle lewens. Indien hierdie saak nie reg hanteer word nie, gaan tieners in 'n groot mate konflik hanteer soos hulle ouers dit hanteer het.

Verhoudings verander

Kleuters het kinders geword en kinders het tieners geword wat jong volwassenes gaan word. In elke een van hierdie fases het ouers 'n ander tipe verhouding met die kind en het die kind 'n ander tipe verhouding met die kind – in hierdie geval die tiener. Hierdie veranderende verhoudings moet sinvol en met wedersydse aanpassing hanteer word.

Individue verander

Tieners staan op die drumpel van 'n nuwe fase – oorgang van tieners na jong volwassene, maar die ouers gaan ook die meeste van die tyd deur 'n soortgelyke oorgang wanneer hulle die middeljare begin betree.

Artikel deur Attie Nel

4x4 in Serendipity en kermis by Presidente



Die koue water word by die 4x4-saamtrek aangedurf



Die 4x4-manne en vroue moes ook deur diep waters gaan



Baniere verwelkom ons by die Presidente-saamtrek



Alet Meyer (nasionale nuusbrief-redakteur) deel 'n gedagte



Hierdie motor uit die jare toet het groot belangstelling uitgelok



Die eienaar en werkers besig om nog 'n kragkabel te lê



Skakel om 'n afspraak te maak

072 949 6293

(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en
Springbokstraat, langs die
pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier
was nie**

Parkeer onder groot bome

Ondersteun ons eie mense

ELWIERDA APTEEK

Elwierda@mweb.co.za

Noodnommer 082 460 0162

Kom maak kennis en kry:

- Flinke diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

Elwierda Apteek

Koedoestraat 184 Wierdapark

Telefoon 012 653 6153 012 653 6172

VERJAARSDAE



*Baie geluk
met
verjaarsdae*

JUNIE

01 Anli Kruger
03 Simoné Fourie
06 Gina van Huyssteen
07 Iloma de la Harpe
09 Kobus Fourie
09 Hannelien Voges
15 Jan Hartzler
20 Hennie Lombard
23 Jannie van den Berg
23 Lisa Kruger
24 Charl Vorster
24 Ester Lombard
26 André Botha
28 Annelise Venter
28 Jolandi Venter
28 Yzanne Malan
28 Emmo Wilsenach
29 Jan Venter

01 André Groenewald jnr
02 Jerome Henning
03 Magriet Arnold
05 Susra van Biljon
06 Thea Brits
07 Esme Claassens
07 Rita Hanekom
08 Wian Malan
11 Melvyn Wessels
11 Willy Lubbinge
12 Bertus Voges
14 Johann Schoeman jnr
16 Ronelle King
17 Marelize Ferreira
19 Gert Rall
19 Dewald van Biljon
19 Juzlayne Combrinck
20 Blignaut Prinsloo
22 Andelein Bezuiden-
hout
25 Frank Smith
29 Alma Michau
30 Anje Beneke
31 Bets Luus

JULIE

01 Andre Groenewald jnr
01 Danette Kruger



*Lief en
leed*

Fanie jnr en Zania Marx het 'n seuntjie, Stefan. Baie geluk aan hulle en oupa Fanie en ouma Marie Marx

Frieda Burger en Mike du Preez het susters aan die dood afgestaan

Hannie Ferreira is met kanker gediagnoseer en het toetse ondergaan

Willem (oom Blikkies) Blignaut het twee hartaanvalle gehad, dit gaan nou beter met hom

Ronelle King het haar voet beseer

Jannie van den Berg word op 21 Mei opereer vir 'n aneurisme

Hennie en Valerie Briedenhann het hul woonwa verkoop en as lede bedank

Eerste veldwa-saamtrek suksesvol

Willie Bronkhorst skryf:

Uiteindelik breek Vrydag, 16 Maart 2012 aan en ons sien uit na 'n eerste in Sawa asook Streek Kiepersol se geskiedenis, 'n veldwa 4x4 saamtrek.

Willem en Maria Nordejé is gelukkiger as ons en vertrek vroegoggend na Serendipity naby Naboomspruit. Willie, Elma en WP Bronkhorst asook Kotie Viljoen, dit is Elma se ousus, daag teen 17:00 by 'n sopnat kampterrein op. Gelukkig het dit opgehou met reën en daar word vinnig nes geskop en opgeslaan. Maria pak die kampvuur aan en ons kuier om die vuur terwyl ons wag vir Frans Joubert van streek Waterberg.

Teen 19:00 daag Frans en Ria Joubert op, maar groot is die verbasing toe hulle skoonseun, dogter en kleinkinders, Jaco, Yolanda, Jaco jnr. en Celeste ook kom saam kamp. Nadat hulle opgeslaan het neem WP Bronkhorst die boekevat waar en ons kuier die res van die aand 'n hond, of liever 'n muskeljaatkat, uit 'n bos uit. Die mooi dier het kom kyk of daar nie 'n afval stukkie braaivleis is om te aas nie.

Saterdagoggend na ontbyt neem Maria die boekevat waar. Willem en Johan de Jongh sluit by ons aan om saam die 4x4 roete te ry. Net na tien vertrek die ses voertuie op die roete: Willem en Maria (Toyota Land Cruiser), Kotie en WP (Mahindra bakkie), Willem en Johan (Pajero), Jaco, Yolanda en kinders (Toyota Fortuner), Frans en Ria Joubert (Pajero), en Willie en Elma (Ford Ranger).

Eers gaan wys Willem vir ons die Echo-kamp met sy regte egte bostoilet en daarna ry ons tot by die swemgat in die bergstroom. Frans, Jaco, Jaco jnr., Celeste, WP en Johan durf die koue water in die swemgat aan. Na 'n lekkernytjie en 'n sluk koue water ry ons verder en toe begin die sports. Die een na die ander hindernis word getrotseer en Willem moet sy storie ken om almal deur die hindernisse te begelei. Ons hou stil en braai 'n worsie. Nadat almal 'n worsbroodjie en iets kouds genuttig het ry ons verder, later ook die water hindernis. Teen 17:00 is die groep terug in die kamp. Node-loos om te sê dat ons heeltemal te laat was om 'n bietjie saam met Hennie Ferreira-hulle, wat van Kiepersol se Marula-saamtrek gekom het, te kuier. Hulle het darem gelukkig die plaatjies daar gelos en ook 'n "ons was hier" boodskap op die grond uitgekrap.

Saterdagoggend word daar om die kampvuur gekuier. Willem en Johan groet en vertrek terug Pretoria toe. Die res van ons kuier verder terwyl ons smul aan braaivleis, poetoepap en potbrood. Teen 21:00 raak dit stil aangesien die batterye maar redelik pap was na die opwinding en harde werk agter die stuur.

Sondagoggend hou Willie vir ons boekevat en nadat ons heerlijk gesmul het aan die plaatkoekies wat Yolanda gebak het vertrek Kotie en WP, sy moet terug Bethal toe en WP moet gaan huiswerk doen en leer.

Na 'n laat ontbyt begin ons oppak en vertrek terug huis toe. So kom nog 'n suksesvolle en aangename Sawa kuier-naweek tot 'n einde.

**Kampkommandante: Willem en Maria Nordejé,
Willie en Elma Bronkhorst.**

Ns. Nogmaals dankie Willem vir die harde werk Saterdag.

Mense geniet Presidente-saamtrek by Klipdraai



Hennie oorhandig Kiepersol se donasie vir die Presidente-fonds aan Fanie Jordaan, penningmeester



Frieda Burger saam met Coen en Emmalean vd Merwe en Mel Ueckermann (regs)



Anna en Jerome Henning geniet van die kosstalletjies se produkte wat in die groot tent te koop was



Kiepersol se jeugdige kaskarspan wat die derde plek verower het saam met Charlie King (regs)



Dianne en Mike du Preez saam met Johan Fouchee met brandblussers wat hulle laat diens het



Bertus en Annatjie Voges was baie beïndruk met die ingevoerde Duitse woonwa wat uitgestal is



Conrad en Maudie (van Hennie en Hannie) Fritz was ook daar



Willem en Maria Nordejé in die groot tent



President Nico Spaumer kyk hoe Lettie Ueckermann 'n pannekoek omdraai



Bets Joubert saam met Pieter en Johanna van Biljon (regs) by die seniors se allerleitafel



Billy Ross (middel) met sy kleurvolle gesinslede



Denzil Strydom-hulle, ou bekendes van Jeffreysbaai, is ook opgemerk